# DIE BINNEKAMER EN DIE INNERLIKE LEWE
## Dr Andrew Murray

## *VOORWOORD*

Die binnekamer laat gedagtes wat van die allerhoogste belang is, ontstaan. Die daaglikse behoefte aan afsondering en stilte; die ware gees van gebed; die getroue lees van God se Woord; die gemeenskap met God waarvoor hierdie dinge bestem is. Daar is 'n seën wat slegs hierdie dinge alleen kan meebring: die versterking van die geestelike lewe; ons toerusting vir ons daaglikse verantwoordelikhede in omgang met die wêreld; en die diens vir die koninkryk van God in die wen van siele en voorbidding. Al hierdie waarhede dra daartoe by om ons werk vir God 'n bron van vreugde en krag te maak. In hierdie boekie het ek nie probeer om hulle sistematies na te gaan nie, maar ek vertrou dat die stukkies wat ek gegee het, tot hulp mag wees vir meer as een in die aankweek van die verborge lewe en die omgang met God.

In Suid Afrika is daar verskillende siektes wat ons lemoenbome aantas. Een van hulle staan bekend onder die naam van 'wortelsiekte'. 'n Boom mag nog sy vrugte dra en die gewone toeskouer mag niks verkeerds merk nie, terwyl die deskundige die begin sien van ʻn stadige dood. Die *phylloxera* wat ook in die wingerde voorkom, is niks anders nie as 'n wortelsiekte. Dit is bevestig dat daar geen permanente genesing is nie, behalwe om die ou wortels te verwyder en nuwes te kweek. Die ou soort druiwe word opnuut ingeënt op 'n Amerikaanse wortel, en met die verloop van tyd het ons weer dieselfde stam en takke en vrugte soos tevore, maar die wortels is nuut en in staat om die siekte te weerstaan. Dit is in dié gedeelte van die plant wat vir die oog verborge is, dat die siekte kom en waar die genesing gedoen moet word.

Hoe ly die kerk van Christus, en die geestelike lewe van duisende van sy lede, tog aan die wortelsiekte: die verwaarlosing van die verborge omgang met God. Dit is die gebrek aan gebed in die verborge, die versuim van die instandhouding van daardie verborge lewe "*gewortel in Christus",* "*in die liefde gewortel en gegrond"*, wat die verklaring is van die swakheid van die Christelike lewe om die wêreld te weerstaan en van die kerk se versuim om veel vrug te dra. Niks anders kan hierin verandering aanbring nie as die herstel van die binnekamer in die lewe van die gelowige tot die plek wat Christus bedoel het dat dit sal inneem. Namate Christene insien wat dit

beteken, om in plaas van op hul eie pogings te vertrou, elke dag dieper wortel te skiet in Christus, en om die verborge, persoonlike omgang met God hul hoogste prioriteit te maak, sal ware godsaligheid bloei. "*As die wortel heilig is, dan is die takke ook*." As die môre-uur aan die Here geheilig is, dan ook die dag met sy pligte. As die wortel gesond is, dan is die takke ook gesond.

My bede is dat God met hierdie skrywe seën mag bring aan sommige van Sy kinders in hul strewe na 'n dieper en meer vrugbare lewe, die lewe wat met Christus verborge is in God.

ANDREW MURRAY

# INHOUDSOPGAWE

1. Die Môre-uur
2. Die Deur Gesluit: Alleen met God
3. Die Geopende Deur: Die Openbare Vergelding
4. Moses en die Woord van God
5. Moses, die Man van Gebed
6. Moses, die Man van God
7. Die Krag van God se Woord
8. Die Saad is die Woord
9. Doen en Ken
10. Die Geluksaligheid van die Dader
11. Die Bewaar van die Gebooie van Christus
12. Lewe en Kennis
13. Die Hart en die Verstand
14. God se Gedagtes en Ons Gedagtes
15. Oordenking .
16. Aan Kindertjies Geopenbaar
17. Van Christus Leer
18. Leersaamheid
19. Die Lewe en die Lig
20. Die Bybelstudent
21. Wie is U?
22. Die Wil van God
23. Die Eet van die Woord
24. Vakansie
25. Die Binnekant en die Buitekant
26. Die Daaglikse Vernuwing: Sy Krag
27. Die Daaglikse Vernuwing: Sy Beeld
28. Die Daaglikse Vernuwing: Sy Prys
29. Heiligheid, die Hoofdoel van Bybelstudie
30. Psalm 119 en sy Onderwys
31. Die Heilige Drie-Eenheid
32. In Christus
33. Hy Alleen
34. Siele Vang
35. Die Krag van Voorbidding
36. Die Voorbidder